# CALVYN EN 500 JARE REFORMASIE

**AUTHOR:**
Victor D'Assonville[1]
Erik van Alten[2]
Eric Kayayan[3]

**AFFILIATION:**
[1] Faculty of Theology, University of Free State
[2] Department of Church History, University of the Free State
[3] Research Fellow, Faculty of Theology and Religion, Department of Historical and Constructive Theology,University of the Free State, South Africa

**CORRESPONDENCE TO:**
Victor D'Assonville

**EMAIL:**
vieddas.3@gmail.com

**DATES:**
Published: 15 Dec 2017

**HOW TO CITE THIS ARTICLE:**
D'Assonville, V.E., van Alten, H.H. & Kayayan, E., 2017. Editorial: KOERS Volume 82, No 2, 2017. KOERS — Bulletin for Christian Scholarship, 82(2). Available at: https://doi.org/10.19108/KOERS.82.2.2356

**COPYRIGHT:**
© 2017. The Author(s). Published under the Creative Commons Attribution License.

*Hierdie leerstuk, die regverdigmaking uit die geloof, was die hart (samevatting) van die godsdiens ...*[1]

**(Calvyn in sy brief aan Kardinaal Sadoletus, 1539.)**

## 1. VOORWOORD

In die gebruiklike vierjarige siklus het die amptelike *Tiende Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres* (SACNK) op 1 en 2 September 2016 in Pretoria plaasgevind. Dank word betuig aan die *Fakulteit Teologie* van die *Universiteit Pretoria* wat bereid was om mede-gasheer te wees saam met die kongreskomitee. Eweneens word die Nederduitsch Hervormde Kerk Pretoria-Oos hartlik bedank. Hulle het goedgunstiglik hulle kerkgebou en fasiliteite beskikbaar gestel, sodat die kongres daar kon plaasvind. In 'n sekere sin kan 'n mens sê dat die sirkel met hierdie jubileum van reeds die tiende SACNK mooi gesluit is, omdat ook die *Eerste Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres* in 1980 destyds onder die gasheerskap van die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria aangebied is. Om uitdrukking aan hulle betrokkenheid te verleen, het die dekaan van die fakulteit, prof. Johan Buytendag, wat saam met UP se departementshoof van kerkgeskiedenis, prof. Jerry Pillay, die kongres besoek het, in sy verwelkomingswoord onder meer na die uitdagings vir tersiêre instellings en teologiese fakulteite in die huidige tydsgewrig verwys. In die besonder verdien die organisasie en die moeite van dr. Wim Dreyer van die Fakulteit Teologie, UP, besondere vermelding, sowel wat die fakulteit se betrokkenheid betref maar ook met betrekking tot die beskikbaarheid en die voorbereiding van die fasiliteite van die NHK Pretoria-Oos, waaraan hy ook as predikant verbonde is.

By die kongres was daar soos in die verlede 'n spektrum van voordragte deur sprekers van verskillende akademiese inrigtings van sowel Suid-Afrika as die buiteland – ou bekendes maar ook nuwe gesigte. Dr. Willy Zeze kon weens onvoorsiene probleme in Malawi ongelukkig nie meer die kongres betyds haal nie, maar andersins kon al die sprekers, ook die vier wat spesiaal uit die buiteland gereis het, wel hulle voordragte waarneem. Prof. Natie van Wyk het met sy voordrag oor Luther en Calvyn die aansluiting by Wittenberg gemaak, waarna alle verdere voordragte op Calvyn gekonsentreer het, met sommige wat die lyn tot in die hede, in die een-en-twintigste-eeu, deurgetrek het – weereens 'n bevestiging van Calvyn se aktualiteit. Die kongres was nie beperk tot teologiese of historiese onderwerpe nie, maar daar is ook vanuit onder meer kommunikasiewetenskappe (prof. Danie du Plessis) en regte (advokaat Andrew Muttitt) na sekere aspekte van Calvyn gekyk, met lyne na ander gebiede soos byvoorbeeld die opvoedkunde (prof. Dolf Britz) ens. Die kern van die temas het aandag aan Calvyn se Skrifuitleg gegee – tereg omdat Calvyn as Reformator by uitstek daarvoor bekend is dat hy in sy bediening altyd die klem op 'n getroue eksegese van die Skrif as Woord van God gelê het.

'n Mooi plegtigheid tydens die kongres het aangesluit by die ontstaangeskiedenis van die SACNK toe erkenning aan prof. Adriaan Pont (vroeër UP) vir sy pionierswerk in die stigting van die SACNK verleen is deur dr. Victor E. d'Assonville (verteenwoordiger van die *Raad van die Internasionale Kongres vir Calvynnavorsing* – ICCR). Eweneens het dr. Gerard J Meier (voorsitter van *Calvyn Jubileum Boekefonds* – CJBF) ook 'n woord van erkenning gerig aan prof. VE d'Assonville, sr. (vroeër PU vir CHO) vir sy bydrae as destydse voorsitter van die *Calvyn Jubileum Boekefonds* tot die vertaalprojekte deur wyle prof. WH Simpson van Calvyn se werke in Afrikaans (onder meer die 1536- en 1559-Institusie en die Geneefse

1 Vgl. CStA (*Calvin-Studienausgabe*) 1.2,374,20-25. Teks ook in OS (= *Opera Selecta Calvini*. München: Chr. Kaiser) I,469. "Fidei iustificatio[nem] ... Dogma ergo istud, quod in religione summum erat, ..."

Kategismus van 1542/1545). Aan beide is die bundels van die kongresse van 2008 en 2012 se gepubliseerde voordragte (deur *Koers*) oorhandig.

In hierdie band van *Koers* vind 'n substansiële deel van die voordragte wat by die 2016-kongres gelewer is, neerslag. Nie alle voordragte is hierin opgeneem nie, omdat sommige elders gepubliseer is of word. Aan die ander kant is hier egter ook addisionele bydraes in hierdie band opgeneem wat, ofskoon nie by die 2016-SACNK gelewer nie, tog direk verbandhou met die kongres en die doel daarvan, naamlik om navorsing uit die primêre bronne van die Reformasie, spesifiek Calvyn, te bevorder. Die indeling van die bundel gee uitdrukking aan die verband waarbinne die bydraes tot Calvyn en primêre Calvynnavorsing staan.

Eintlik is dit iets besonders dat daar in die jaar waarin Reformasie 500 gedenk word – met verwysing na die publikasie van Martin Luther se 95 Stellings 500 jare gelede, op 31 Oktober 1517 – ook in Suid-Afrika 'n Calvynkongresband kan verskyn. Sonder daardie gebeure in Wittenberg, destyds 'n onbeduidende universiteitsdorp, kan die latere rol van Calvyn en die daaropvolgende eeue se geskiedenis, ook in Suid-Afrika, kwalik ingedink word.

'n Hartlike woord van dank aan prof. Annette Combrink in haar hoedanigheid as hoofredakteur van *Koers*. Nie net was sy dadelik bereid om die kongresvoordragte vir publikasie in *Koers* te oorweeg nie, maar ook het sy selfs ingewillig om 'n spesiale bundel aan Calvyn en die Reformasie af te staan – in die lig van *Koers* se eie inslag en geskiedenis en die herdenking van 500 jare Reformasie 'n simbiose wat sin maak. Haar eie konsensieuse betrokkenheid by en werk aan die bydraes – veral op die gebied van noukeurige taalversorging – word opreg waardeer. Ook haar tegniese span wat onder groot druk alles laat gebeur wat agter die skerms gedoen moet word by wetenskaplike publikasies word bedank.

Die SACNK se verbintenis met *Koers* het al iets soos 'n instelling geword. Dit is die derde kongresbundel agtereenvolgens wat by *Koers* verskyn en die vierde een uit die totaal van tien sover.[2] Daar kan dus al van 'n reeks Kongresbundels by *KOERS* gepraat word.

Soos in die verlede is die redakteurs se hoop dat hierdie bundel verdere Calvynnavorsing in die besonder maar ook Reformasienavorsing in die algemeen in Suid-Afrika – met klem op die primêre bronne (wat het Calvyn *self* gesê, nie wat is *oor* hom gesê nie) – sal stimuleer. Ook word gepoog om aan die Suid-Afrikaanse belangstellendes en – met die voordeel van

2 Referate wat gelewer is tydens die eerste nege Suid-Afrikaanse Kongresse vir Calvynnavorsing is in die volgende volumes gepubliseer:

B.J. van der Walt, *ed*., 1982. Calvinus Reformator: His contribution to theology, church and society. Potchefstroom: PU vir CHO. [Referate gelewer tydens die Eerste Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres in Pretoria, 1980.]

B.J. van der Walt, *ed*., 1986. John Calvin's Institutes, his *Opus magnum*. Proceedings of the Second South African Congress for Calvin Research, July 31-August 3, 1984. Potchefstroom: PU vir CHO.

A.D. Pont, *ed.*, 1990. Calvin – France – South Africa: Papers read at the Third South African Congress on Calvin Research, Stellenbosch, 26-29 July 1988. Pretoria: Kital.

*In die Skriflig*, 27(4), Des. 1993. [Referate gelewer tydens die Vierde Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres, Bloemfontein, 1992 / Papers read at the Fourth South African Congress on Calvin Research, Bloemfontein, 1992.]

*Hervormde Teologiese Studies*, 54(1&2), Mrt. en Jun. 1998. [Referate gelewer tydens die Vyfde Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres in Pretoria, 1996 / Papers read at the Fifth South African Congress on Calvin Research, Pretoria, 1996.]

*Koers*, 66(1&2), 2001. [Referate gelewer tydens die Sesde Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres, Potchefstroom, 2000./ Papers read at the Sixth South African Congress on Calvin Research, Potchefstroom, 2000.]

Britz, R.M. & D'Assonville, Victor E., *reds.*, 2008. Prompte et Sincere. Bereidwillig en opreg. Willing and Sincere. [Referate gelewer tydens die Sewende Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres, Stellenbosch, 2004 / Contributions to the Seventh South African Congress on Calvin Research, Stellenbosch, 2004.] *Acta Theologica*, Supplementum 10. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

D'Assonville, Victor E. & Britz, R.M. 2009. *reds*., Calvin as Catechist/Calvyn as kategeet. Kongresband met bydraes gelewer tydens die Agtste Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres/ Contributions to the Eighth South African Congress on Calvin Research, Bloemfontein, 2–4

die internet op wêreldwye vlak – toegang tot van die nuwe Suid-Afrikaanse navorsing te bied.

**Victor E. d'Assonville, Erik (H.H.) van Alten en Eric Kayayan**

*Gasredakteurs:*

*Koers (Kongresband van die Tiende Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres – SACNK 2016)*

**Desember 2017**

---

September 2008. *Koers* (Bulletin vir Christelike Wetenskap / Bulletin for Christian Scholarship). 74(4).

D'Assonville, Victor E. & Van Alten, Erik (H.H.), 2014. *reds*., Calvinus: Auctoritas Dei/Calvin: The authority of God. Kongresband met bydraes gelewer tydens die Negende Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres/ Contributions to the Ninth South African Congress on Calvin Research, Pretoria, 15–17 September 2012. *Koers* (Bulletin vir Christelike Wetenskap / Bulletin for Christian Scholarship). 79(4).

## A From Wittenberg to Geneva

1. Die onvoltooide Reformasie van Martin Luther (1483-1546) – 'n Verkenning van die filosofiese grondslae van sy denke met spesiale aandag aan sy lewensvisie van twee ryke (Bennie van der Walt)
2. "Sapere audite ..." Melanchthon – sestiende-eeuse humanis en belangrike reformator (Victor E. d'Assonville)

## B Calvin, Geneva and theology

3. De Geest van Christus (Hans JW Maris)
4. John Calvin on the gifts of the Holy Spirit in his commentary on Acts (Erik HH van Alten)
5. Calvijns uitleg van Romeinen 9-11 tegen de achtergrond van de geschiedenis van de exegese van Origenes tot de Glossa ordinaria (Erik A de Boer)
6. Calvin's reply to Sadolet as an extension of his pastoral ministry (Thapelo Khumalo)

## C Calvin, Geneva and the world

7. John Calvin on God's calling: Service in the Church and the World (Willie S.D. Zeze)
8. A life cultivated by righteousness. Calvin's exposition of the eighth Commandment in teaching children (Dolf RM Britz)
9. John Calvin, 2 Samuel 2:8-32 and Resistance to Civil Government: Supreme Equivocation or Mastery of Contextual Exegesis? (Andrew Muttitt)
10. De Calvin à Althusius: l'importance du modèle ecclésiologique réformé pour la pensée fédérale (Eric Kayayan)
11. Re-visiting the relevance of John Calvin's values of self-denial and calling for new Learning Organisations (Danie F du Plessis)